(g) Substitute the word "tippler" for the word "tipper" in the definition of "tippler".

2. *Clause* 11

Substitute the word "completed" for the word "complete" in subclause (3).

3. *Clause* 21

Substitute the word "herein" for the word "herin" in subclause (b).

In the Afrikaans version of the Schedule:—

1. *Clause* 3

(a) Substitute the word "oprig" for the word "opgerig" in item (r) of the definition of "werknemer, graad II".

(b) Delete the definition of "deeltydse motorvoertuigbestuurde" and substitute therefor the following definition:—

" 'deeltydse motorvoertuigbestuurder' 'n werknemer wat 'n motorvoertuig vir hoogstens vier uur altesaam op 'n dag bestuur, en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing is onder "n motorvoertuig bestuur' inbegrepe alle tydperke wat 'n voertuig bestuur word en enige tyd wat die bestuurder bestee aan werk in verband met die voertuig of die vrag terwyl hy in die beheer van die voertuig is;".

2. *Clause* 4

Substitute the figure "21.75" for the figure "21.57" where it appears in the first column of the Schedule opposite the words "Assistent-suikerpankoker, ongekwalifiseer—tweede drie maande ondervinding" in subclause (1).

No. R. 245 28 February 1969

BANTU LABOUR (SETTLEMENT OF DISPUTES) ACT, 1953

DAIRY TRADE MANAGEMENT BOARD, WITWATERSRAND AND PRETORIA

I, Daniel Johannes Geyser, Secretary for Labour, hereby declare in terms of section 13 (2) of the Bantu Labour (Settlement of Disputes) Act, 1953, that I have approved of the rules which appear in the Schedule hereto and which have been made in accordance with clause 14 (5) of the Order for the Dairy Trade, Witwatersrand and Pretoria, by the Management Board established in terms of clause 14 (1) of the said Order, published under Government Notice R. 475, dated 22 March 1968, and I hereby determine that the name of the said Board shall be the Dairy Trade Management Board (Witwatersrand and Pretoria).

D. J. GEYSER,
Secretary of Labour.

KONSTITUSIE EN REËLS VAN DIE BESTUURSRAAD VIR DIE MELKERYBEDRYF (WITWATERSRAND EN PRETORIA)

Opgestel ooreenkomstig klousule 14 van die "Order" wat by Goewermentskennisgewing R 475 van 22 Maart 1968, kragtens subartikel (6) van artikel 11 van die Wet op Bantoe-arbeid (Beslegting van Geskille), 1953, gepubliseer is.

1. *Naam*

Bestuursraad vir die Melkerybedryf (Witwatersrand en Pretoria).

2. *Geregistreerde Kantoor*

Die geregistreerde kantoor van die Raad is te Swissco House 402, Rissikstraat 7, Johannesburg, of op dié ander plek waar die Raad se kantore as dan geleë is.

3. *Woordomskrywing*

"Agent" beteken 'n persoon wat deur die Raad aangestel is om te help om uitvoering te gee aan die bepalings van die Order en word geag 'n beampte van die Raad en lid van die personeel te wees.

"Ouditeur" beteken 'n persoon wat as Rekenmeester en Ouditeur geregistreer is ingevolge artikel 23 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951.

"Raad" beteken die Bestuursraad vir die Melkerybedryf.

"Vergadering" beteken 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Raad waarop 'n kworum teenwoordig is.

"Meerderheid" beteken 'n meerderheid van die lede wat op 'n vergadering teenwoordig en stemgeregtig is maar wat nie minder as vier lede mag wees nie.

"Order" beteken die Order wat by Goewermentskennisgewing R 475 van 22 Maart 1968 gepubliseer is.

"Personeel" beteken werknemers van die Raad.

4. *Oogmerke*

Die oogmerke van die Raad is om die Order wat by Goewermentskennisgewing R 475 van 22 Maart 1968 gepubliseer is, te administreer, om aan al die vereistes vervat in klousule 14 van genoemde Order, te voldoen en om dié ander dinge te doen wat die Raad nodig ag vir die behoorlike uitvoering van hierdie funksies.

5. *Voorsittende Amptenaar*

(a) Die Voorsitter, aangestel deur die Sekretaris van Arbeid, moet op alle vergaderings waarop hy teenwoordig is, voorsit, die notule onderteken nadat dit bekragtig is en rekenings endosseer nadat die Raad dit goedgekeur het. Hy oefen beheer uit oor die Sekretaris van die Raad en verrig daarbenewens dié ander pligte wat volgens gewoonte en gebruik by die amp hoort. Hy het 'n beraadslagende maar nie 'n beslissende stem nie.

(b) By die afwesigheid van die Voorsitter, moet die Raad deur die opsteek van hande na 'n behoorlik gesekondeerde mosie, 'n waarnemende voorsitter kies uit die geledere van die lede wat op die vergadering teenwoordig is, en sodanige waarnemende voorsitter moet die bevoegdhede en pligte van die Voorsitter uitoefen en verrig terwyl hy aldus in die loop van die vergadering waarneem.

6. *Beamptes en Personeel*

(a) *Sekretaris.*—Die Raad moet 'n Sekretaris aanstel wat dié rekeningboeke waartoe die Raad hom gelas, moet hou, alle korrespondensie van die Raad moet voer, oorspronklike briewe wat ontvang is en kopieë van dié wat afgestuur is, moet bewaar en op elke vergadering van die Raad die korrespondensie moet voorlees wat sedert die

CONSTITUTION AND RULES OF THE DAIRY TRADE MANAGEMENT BOARD (WITWATERSRAND AND PRETORIA)

Made in accordance with clause 14 of the "Order" published under Government Notice R. 475, dated 22 March 1968, in terms of subsection (6) of section 11 of the Bantu Labour (Settlement of Disputes) Act, 1953.

1. *Name*

Dairy Trade Management Board (Witwatersrand and Pretoria).

2. *Registered Office*

The Registered Office of the Board shall be at 402 Swissco House, 7 Rissik Street, Johannesburg, or at such other place at which the Board's offices are situated for the time being.

3. *Definitions*

"Agent" shall mean a person appointed by the Board to assist in giving effect to the terms of the Order and shall be deemed to be an officer of the Board and a member of the staff.

"Auditor" shall mean a person registered as an accountant and auditor under section 23 of the Public Accountants and Auditors Act, 1951.

"Board" shall mean the Dairy Trade Management Board.

"Meeting" shall mean a properly constituted meeting of the Board at which a quorum is present.

"Majority" shall mean a majority of members present at a meeting and entitled to vote but shall not be less than four members.

"Order" shall mean the Order published under Government Notice R. 475, dated 22 March 1968.

"Staff" shall mean employees of the Board.

4. *Objects*

The objects of the Board shall be to administer the Order published under Government Notice R. 475, dated 22 March 1968, to comply with all the requirements set out in clause 14 of the said Order and to do such other things as are considered necessary by the Board for the proper fulfilment of these functions.

5. *Presiding Officer*

(a) The Chairman, appointed by the Secretary for Labour shall preside at all meetings at which he is present, sign minutes after confirmation and endorse accounts after approval by the Board. He shall exercise control over the Board's Secretary and shall, in addition, perform such other duties as by usage and custom pertain to the office. He shall have a deliberative but not a casting vote.

(b) In the absence of the Chairman, the Board shall by a show of hands on a motion duly seconded, elect an Acting Chairman from amongst the members present at the meeting who shall exercise the powers and perform the duties of the Chairman while so acting during the course of the meeting.

6. *Officers and Staff*

(a) *Secretary.*—The Board shall appoint a Secretary who shall keep such books of account as directed by the Board, conduct all correspondence of the Board, keep originals of letters received and copies of those despatched, and at each meeting of the Board read correspondence which has taken place since the last meeting, attend all

vorige vergadering gevoer is, al die vergaderings moet bywoon, die notule van die verrigtings moet hou, alle gelde wat ooreenkomstig klousule 8 (b) namens die Raad ontvang is, moet bank, state in verband met die finansiële toestand van die Raad se sake aan daardie liggaam moet voorlê wanneer daar ook al van hom vereis word om dit te doen, maar minstens een maal elke kwartaal, en tjeks vir die Raad se bankrekening moet medeonderteken. Die Sekretaris oefen beheer uit oor alle ander lede van die personeel en verrig dié ander pligte waartoe die Raad hom van tyd tot tyd gelas.

Die Raad moet 'n getrouheidswaarborgakte aangaan wat die Sekretaris en 'n waarnemende sekretaris wat ooreenkomstig subklousule (c) van hierdie klousule aangestel is, dek vir dié bedrae wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal.

(b) *Agente.*—Die Raad mag een of meer bepaalde persone as agente aanstel om te help om uitvoering aan die Order te gee, en die Raad moet die besoldiging wat ten opsigte van reis- en ander koste aan sodanige agente betaal moet word, van tyd tot tyd vasstel.

(c) Die Raad mag insgelyks dié ander beamptes wat nodig mag wees, met inbegrip van 'n waarnemende sekretaris wat die pligte van die Sekretaris gedurende sy afwesigheid met verlof of om 'n ander rede moet verrig, aanstel en sodanige beamptes is lede van die personeel. Die pligte van die Sekretaris is *mutatis mutandis* die pligte van die waarnemende sekretaris.

(d) Die aanstelling van die Sekretaris en alle ander amptenare geskied by wyse van 'n stemming per stembrief deur die lede teenwoordig op 'n vergadering waarop die aanstellings gemaak word, en die kandidate wat die meeste stemme behaal, moet aangestel word. Elke lid wat teenwoordig is, moet per stembrief stem deur sy beslissing op papier te skryf en dit aan die voorsitter te oorhandig. Die Voorsitter moet die stemme tel en dan die uitslag bekend maak. Ingeval die uitslag betwis word, moet die stembriefies beskikbaar gestel word vir insae deur die persoon wat die uitslag betwis.

(e) Die aanstelling en ontslag van die kantoorpersoneel berus by die Sekretaris, behoudens die goedkeuring van die Voorsitter, nadat die Raad besluit het oor die getal wat in diens geneem moet word en die besoldiging wat aan sodanige personeel betaalbaar is.

(f) Die diens van alle beamptes en personeel kan met een kalendermaand kennisgewing deur die een of die ander kant beëindig word; met dien verstande dat 'n werknemer sonder kennisgewing ontslaan kan word weens ernstige pligversuim of wangedrag.

(g) Die diensvoorwaardes van die personeel word deur die Raad bepaal.

(h) *Jaarlikse verlof.*—Die Raad moet aan sy werknemers een kalendermaand verlof met volle betaling verleen ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens; met dien verstande dat die tydperk van sodanige verlof nie met siekteverlof wat ooreenkomstig subklousule (i) verleen is of met 'n ander tydperk van afwesigheid wat nie 'n verbreking van die dienskontrak uitmaak nie, mag saamval nie. Die jaarlikse verlof mag vir 'n diens-tydperk van hoogstens twee agtereenvolgende jare opgehoop word.

(i) *Siekteverlof.*—Die Raad moet aan sy werknemers wat weens siekte of 'n ongeluk van die werk afwesig is, altesaam ses weke siekteverlof met volle betaling gedurende een jaar diens verleen; met dien verstande dat die Raad kan vereis dat 'n sertifikaat, onderteken deur 'n geregistreerde mediese praktisyn, ten opsigte van elke tydperk van afwesigheid voorgelê moet word. Siekteverlof

meetings, record minutes of the proceedings, bank all moneys received on behalf of the Board in accordance with section 8 (b) submit statements of the financial position of the Board's affairs to that body whenever required to do so but not less than once every quarter and countersign cheques for the Board's banking account. The Secretary shall exercise control over all other members of the staff and shall perform such other duties as the Board may from time to time direct.

The Board shall effect a fidelity bond covering the Secretary and any Acting Secretary, appointed in terms of subclause (c) of this section, for such sums as it may from time to time determine.

(b) *Agents.*—The Board may appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of the Order and shall from time to time determine the remuneration to be paid to such agents in respect of travelling and other expenses.

(c) The Board may in a like manner appoint other officers who shall be members of the staff, as may be necessary including an Acting Secretary to perform the duties of the Secretary during his absence on leave or for any other reason. The duties of the Secretary shall apply *mutatis mutandis* to the Acting Secretary.

(d) The appointment of the Secretary and all other officers shall be by ballot of the members at the meeting at which appointments are made, the candidates receiving the highest number of votes to be appointed. A vote by ballot shall be performed by each member present writing his decision on paper and handing this to the Chairman. The Chairman shall count the votes and then announce the decision. In the event of the decision being challenged, the voting papers shall be open to the inspection of the challenger.

(e) The appointment and dismissal of the office staff shall be vested in the Secretary with the approval of the Chairman, after the Board has decided on the number to be employed and the remuneration payable to such staff.

(f) The employment of all officers and staff shall be subject to one calendar month's notice on either side, provided that any employee may be dismissed without notice for serious neglect of duty or misconduct.

(g) The conditions of service of the staff shall be determined by the Board.

(h) *Annual leave.*—The Board shall grant to its employees one calendar month's leave on full pay in respect of each completed period of 12 months of employment provided that the period of such leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of subclause (i) nor with any other period of absence not being in breach of the contract of employment. Annual leave shall be accumulative over a period of service of not more than two consecutive years.

(i) *Sick leave.*—The Board shall grant to its employees who are absent from work through illness or accident six weeks' sick leave in the aggregate during any one year of employment, on full pay, provided that the Board may require the production of a certificate signed by a registered medical practitioner in respect of each period of

kan oor 'n dienstydperk van hoogstens twee agtereenvolgende jare opgehoop word. Die Raad kan na sy goedvinde 'n verlenging van enige tydperk van siekteverlof verleen op dié voorwaardes en ooreenkomstig dié bepalings waartoe hy mag besluit.

(j) Die Sekretaris van die Raad is *ipso facto* die openbare beampte van die Raad.

(k) Die Raad kan op dié voorwaardes en ooreenkomstig dié bepalings wat hy van tyd tot tyd mag vasstel, voordele aan sy personeel verskaf, met inbegrip van die stigting van 'n voorsorgfonds wat by die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer moet word.

7. *Vergaderings van die Raad*

(a) Die Raad vergader minstens een maal elke kalendermaand by sy hoofkantoor. Die Voorsitter kan spesiale vergaderings belê na sy goedvinde en ook op versoek van minstens twee lede, wat die rede vir sodanige versoek moet meld.

(b) Die Sekretaris moet minstens sewe dae voor die datum van 'n vergadering van die Raad skriftelik kennis van sodanige vergadering aan die lede gee en die sake meld wat behandel moet word; met dien verstande dat, in die geval van spesiale vergaderings, die Voorsitter magtiging kan verleen dat daar 'n redelike korter tydperk, maar in elk geval minstens 24 uur vooraf, kennis gegee word.

(c) Die kworum vir vergaderings van die Raad is vier lede. Indien daar nie binne 15 minute vanaf die tyd wat vir die vergadering bepaal is, 'n kworum teenwoordig is nie, moet die vergadering verdaag word tot die ooreenstemmende dag in die daaropvolgende week en moet die kennisgewing van sodanige verdaagde vergadering binne 24 uur vanaf die tyd wat vir die eerste vergadering bepaal is, aan al die lede van die Raad gestuur word.

(d) Op elke gewone vergadering van die Raad moet die notule van die vorige gewone vergadering en van enige spesiale vergadering, tensy dit vooraf aan die lede besorg is, deur die Sekretaris voorgelees en na bekragtiging deur die voorsittende amptenaar onderteken word.

(e) Sekundusse is daarop geregtig om vergaderings van die Raad by te woon en om deel te neem aan die besprekings. By die afwesigheid van sy prinsipaal is die sekundus geregtig om te stem.

(f) Indien die voorsittende amptenaar daartoe besluit, moet 'n mosie skriftelik ingedien en deur hom voorgelees word. Geen mosie word oorweeg nie tensy dit gesekondeer word. Daar word gestem deur hande op te steek tensy die meerderheid van die lede wat op 'n vergadering teenwoordig en stemgeregtig is, vereis dat daar per stembrief gestem word.

(g) Daar word deur 'n meerderheid van stemme van diegene wat op die vergadering teenwoordig en stemgeregtig is, besluit oor proseduresake waaroor hierdie reëls swyg.

(h) 'n Verteenwoordiger van die Departement van Arbeid het die reg om vergaderings van die Raad by te woon en om aan die besprekings deel te neem maar is nie stemgeregtig nie.

(i) 'n Kopie van die konsepnotule van elke vergadering moet aan die Sekretaris van Arbeid en die Afdelingsinspekteur van Arbeid, Johannesburg en Pretoria, gestuur word binne 21 dae na sodanige vergadering en 'n kopie van die notule soos deur die Raad bekragtig, moet binne 21 dae na sodanige bekragtiging aan elkeen van genoemde amptenare gestuur word.

absence. Sick leave shall be accumulative over a period of service of not more than two consecutive years. The Board may at its discretion grant an extention to any period of sick leave on such terms and conditions as it may decide.

(j) The Secretary of the Board shall *ipso facto* be the Public Officer of the Board.

(k) The Board may provide benefits for its staff under such terms and conditions as it may from time to time determine including the establishment of a provident fund which shall be registered with the Registrar of Pension Funds.

7. *Meetings of the Board*

(a) The Board shall meet at its headquarters at least once in each calendar month. Special meetings may be called by the Chairman at his discretion and also upon a requisition by not less than two members setting out the reason for such request.

(b) Notice of any meeting of the Board, showing the business to be transacted, shall be given to the members by the Secretary, in writing, at least seven days before the date of such meeting, provided that in the case of special meetings the Chairman may authorise the giving of a reasonably shorter notice, but in any event not less than 24 hours.

(c) The quorum for meetings of the Board shall be four members. If within 15 minutes of the time fixed for the meeting a quorum is not present, the meeting shall stand adjourned to the same day in the next week following and notice of such adjourned meeting shall be sent to all members of the Board within 24 hours of the time fixed for the first meeting.

(d) At every ordinary meeting of the Board, the minutes of the preceding ordinary meeting, and of any special meeting, unless they have previously been circulated shall be read by the Secretary and after confirmation be signed by the presiding officer.

(e) Alternates shall be entitled to attend meetings of the Board and to take part in debates. In the absence of his principal an alternate member shall be entitled to vote.

(f) If the presiding officer so decides, any motion shall be submitted in writing and shall be read by him. No motion shall be considered unless seconded. Voting shall be by show of hands unless a ballot is called for by a majority of those present at a meeting and entitled to vote.

(g) Points of procedure on which these rules are silent shall be decided by vote of a majority of those present at the meeting and entitled to vote.

(h) A representative of the Department of Labour shall be entitled to attend meetings of the Board and partake in its discussions but shall not be entitled to vote.

(i) A copy of the draft minutes of every meeting shall be transmitted to the Secretary for Labour and the Divisional Inspectors of Labour at Johannesburg and Pretoria within 21 days of such meeting and a copy of the minutes as confirmed by the Board shall be forwarded to each of the said officers within 21 days after such confirmation.

(j) Lede en sekundusse word soos volg besoldig vir die bywoning van vergaderngs: R8.40 per dag in die geval van die Voorsitter en R4.20 per dag in die geval van 'n gewone lid, en daarbenewens is hulle geregtig op hul reis- en toevallige koste volgens 'n skaal waaroor die Raad van tyd tot tyd moet besluit.

(k) Alle notules van die vergaderings van die Raad, agentsverslae, ander memorandums en korrespondensie van die Raad is privaat en vertroulik tensy die Raad self, met die toestemming van die Sekretaris van Arbeid, besluit dat dit openbaar gemaak word. Sodanige dokumente moet in 'n goeie toestand gehou word totdat die Order verstryk, en daarna moet die Voorsitter dit aan die Sekretaris van Arbeid oorhandig.

8. *Uitgawes van die Raad*

(a) Die uitgawes van die Raad word bestry uit 'n fonds wat ingevolge klousule 14 (7) (a) van die Order ingesamel moet word, en die Raad kan hom na sy goedvinde op die bepalings van klousule 14 (7) (b) van die Order beroep.

(b) Alle gelde wat ontvang word, moet binne drie dae na ontvangs in die kredit van die Raad gedeponeer word in 'n bank waaroor die Raad moet besluit; met dien verstande dat surplusgelde wat asdan nie vir die oogmerk bedoel in subklousule (c) van hierdie klousule, nodig is nie, in 'n bouvereniging belê kan word.

(c) Die fondse moet aangewend word vir die bestryding van uitgawes wat uit die administrasie van die Raad se sake voortspruit.

(d) Alle betalings uit die fondse van die Raad moet eers deur die Raad goedgekeur word en geskied per tjek onderteken deur die Sekretaris of waarnemende sekretaris en medeonderteken deur dié persone wat die Raad van tyd tot tyd mag aanstel; met dien verstande dat bedrae van minder as R3 uit die kleinkas betaal kan word.

(e) Fondse wat nodig is vir die kleinkasrekening, wat gehou moet word in dié vorm wat die Raad mag bepaal, word verskaf deur 'n tjek te wissel wat onderteken is soos in subklousule (d) bepaal. Tensy die Raad daarmee instem, mag tjeks wat altesaam meer as R20 bedra, nie gedurende een kalendermaand ten opsigte van kleinkasuitgawes gewissel word nie.

9. *Trustrekening*

Die Raad moet 'n trust rekening stig en in stand hou waarin alle gelde wat namens die werknemers ingevorder word, gedeponeer moet word soos in klousule 8 (b) bepaal en waaruit gelde betaal moet word aan eisers namens wie sodanige gelde ingevorder is. Die metode van sodanige betaling word deur die Raad bepaal.

10. *Ouditeur*

Die Raad moet 'n ouditeur aanstel ten opsigte van elke boekjaar met ingang van 29 Maart 1968. Die ouditeur se behoorlik gesertifiseerde balansstaat en verslag moet in die kantoor van die Raad beskikbaar wees vir insae deur lede en verteenwoordigers van die betrokke partye, wat daarop geregtig is om afskrifte daarvan of uittreksels daaruit te maak. Gesertifiseerde kopieë van die balansstaat en verslag moet deur die Voorsitter van die Raad medeonderteken word en moet binne drie maande na die verstryking van die tydperk waarop dit betrekking het, aan die Sekretaris van Arbeid en die Afdelingsinspekteur, Johannesburg en Pretoria, voorgelê word.

(j) Members and alternates shall be remunerated as follows for attendance at meetings: R8.40 *per diem* in the case of the Chairman and R4.20 *per diem* in the case of an ordinary member and in addition they shall be entitle to their travelling and incidental expenses on a scale to be decided by the Board from time to time.

(k) All minutes of the meetings of the Board, Agents' reports, other memoranda and correspondence of the Board shall be private and confidential, unless the Board itself, with the permission of the Secretary for Labour, decides that they be made public. Such documents shall be maintained in good order until the expiration of the Order whereafter they shall be handed to the Secretary for Labour by the Chairman.

8. *Expenses of the Board*

(a) The expenses of the Board shall be met from a fund which shall be raised in terms of clause 14 (7) (a) of the Order and the Board may at its discretion invoke the provisions of clause 14 (7) (b) of the Order.

(b) All moneys received shall be deposited to the credit of the Board within three days after receipt, at a Bank to be decided by the Board, provided that any surplus funds which are not for the time being required for the purpose referred to in subsection (c) of this section may be invested in a Building Society.

(c) The funds shall be applied to the payment of expenses arising from the administration of the affairs of the Board.

(d) All payments from the funds of the Board shall require the Board's prior approval and shall be made by cheque signed by the Secretary or Acting Secretary together with such other signatories as the Board may from time to time appoint provided that payments of less than R3 may be made from petty cash.

(e) Funds required for petty cash account, which shall be kept in such form as the Board may determine, shall be provided by drawing a cheque signed in the manner specified in subclause (d). Unless the Board agrees, cheques amounting in the aggregate to more than twenty rand shall not be drawn during any one calendar month in respect of petty expenses.

9. *Trust Account*

The Board shall establish and maintain a trust account into which all moneys collected on behalf of employees shall be deposited as laid down in clause 8 (b) and from which moneys shall be paid to claimants on whose behalf such moneys were collected. The method of such payment shall be determined by the Board.

10. *Auditor*

The Board shall appoint an auditor in respect of each financial year commencing as from 29 March 1968. The auditor's duly certified balance sheet and report shall be available for inspection at the offices of the Board to members and representatives of the parties concerned who shall be entitled to make copies there of or take extracts there from. Certified copies of the balance sheet and report shall be countersigned by the Chairman of the Board and be submitted to the Secretary for Labour and the Divisional Inspectors of Johannesburg and Pretoria within three months after the close of the period covered thereby.

11. *Wysiging van Hierdie Reëls*

Hierdie reëls kan gewysig of daar kan daaraan bygevoeg word by wyse van 'n besluit van 'n meerderheid van die lede, maar geen wysiging mag oorweeg word nie tensy een kalendermaand vooraf kennis daarvan aan die Sekretaris gegee is en hy sodanige kennisgewing minstens twee weke voor die datum van die vergadering waarop dit oorweeg moet word, aan die lede gestuur het. Alle wysigings is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris van Arbeid.

12. *Likwidering*

Hierdie Reëls bly van krag tot 28 Maart 1971, wanneer die Order gepubliseer by Goewermentskennisgewing R 475 van 22 Maart 1968 verval. By die verval van genoemde Order moet die sake van die Raad ooreenkomstig klousule 14 (8) van die Order gelikwideer word.

J. W. GILLINGHAM, *Voorsitter.*
V. M. SCROOBY, *Sekretaris.*

1 August 1968.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS

No. R. 249 28 Februarie 1969

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE INSTELLING, BEHEER EN ADMINISTRASIE VAN SKOOLFONDSE BY BANTOEGEMEENSKAPSKOLE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet No. 47 van 1953), soos gewysig, wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-onderwys, hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 218 van 21 Februarie 1964 soos volg:—

1. Deur aan die end van regulasie 3 (1) die volgende nuwe paragraaf by te voeg:—

"(g) vrywillige bydraes vir spesifieke doeleindes ten opsigte waarvan vooraf goedkeuring van die streekdirekteur verkry is.".

2. Deur in regulasie 5 (1)—

(a) paragraaf (k) deur die volgende paragraaf te vervang:—

"(k) Doeleindes in regulasie 3 (1) (g) vermeld: Met dien verstande dat wanneer die betrokke bydraes vir die spesifieke doel aangewend is en daar 'n kreditsaldo oor is, sodanige saldo met die goedkeuring van die skoolraad en streekdirekteur, vir enige ander doel in die belang van die leerlinge of skool aangewend kan word";

(b) die volgende nuwe paragraaf aan die end van paragraaf (k) by te voeg:—

"(l) Ander doeleindes wat deur die skoolkomitee as noodsaaklik geag word in die belang van die leerlinge of skool, en ten opsigte waarvan vooraf goedkeuring van die skoolraad en streekdirekteur verkry is.".

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-onderwys.

Wysigingstrokie 38 (*Deel II.*)]

No. R. 250 28 Februarie 1969

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE INSTELLING VAN EN BEHEER OOR SKOOLFONDSE BY STAATSBANTOESKOLE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet 47 van 1953), soos gewysig, wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van

11. *Amendments to These Rules*

These rules may be amended or added to by resolution of a majority of members, but no amendment shall be considered unless one calendar month's notice has been given in writing to the Secretary and circulated by him to members at least two weeks before the date of the meeting at which it is to be considered. All amendments shall be subject to the approval of the Secretary for Labour.

12. *Winding-up*

These rules shall remain in force until 28 March 1971 when the Order published under Government Notice R. 475, dated 22 March 1968, expires. Upon the expiration of the said Order the affairs of the Board shall be wound up in terms of clause 14 (8) of the Order.

J. W. GILLINGHAM, *Chairman.*
V. M. SCROOBY, *Secretary.*

1 August 1968.

DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION

No. R. 249 28 February 1969

AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING THE ESTABLISHMENT, CONTROL AND ADMINISTRATION OF SCHOOL FUNDS AT BANTU COMMUNITY SCHOOLS

Under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Education Act, 1953 (Act 47 of 1953), as amended, I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Education, hereby amend the regulations published under Government Notice R. 218 dated 21 February 1964, as follows:—

1. By the addition at the end of regulation 3 (1) of the following new paragraph:—

"(g) voluntary contributions for specific purposes in respect of which prior approval has been obtained from the regional director.".

2. In regulation 5 (1)—

(a) by the substitution for paragraph (k) of the following paragraph:—

"(k) Purposes referred to in regulation 3 (1) (g): Provided that when the contributions concerned have been appropriated for the specific purpose, and a credit balance is left, such balance may, with the approval of the school board and regional director, be appropriated for any other purpose in the interests of the pupils or school.";

(b) by the addition at the end of paragraph (k) of the following new paragraph:—

"(l) Other purposes which are regarded by the school committee as essential in the interest of the pupils or the school and in respect of which prior approval has been obtained from the school board and regional director.".

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Education.

Amendment Slip 38 (*Part II*).]

No. R. 250 28 February 1969

AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE ESTABLISHMENT AND CONTROL OF SCHOOL FUNDS AT GOVERNMENT BANTU SCHOOLS

Under and by virtue of the powers vested in me by section 15 of the Bantu Education Act, 1953 (Act 47 of 1953), as amended, I, Michiel Coenraad Botha, Minister

Bantoe-onderwys, hierby kragtens die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 217 van 21 Februarie 1964 soos volg:—

1. Deur aan die end van regulasie 4 (1) die volgende nuwe paragraaf by te voeg:—

"(g) vrywillige bydraes vir spesifieke doeleindes ten opsigte waarvan vooraf goedkeuring van die kring-inspekteur van Bantoe-onderwys verkry is.".

2. Deur in regulasie 5 (1)—

(a) paragraaf (k) deur die volgende paragraaf te vervang:—

"(k) Doeleindes in regulasie 4 (1) (g) vermeld: Met dien verstande dat wanneer die betrokke bydraes vir die spesifieke doel aangewend is en daar 'n kreditsaldo oor is, sodanige saldo met die goedkeuring van die kring-inspekteur van Bantoe-onderwys vir enige ander doel in die belang van die leerlinge of skool aangewend kan word.";

(b) die volgende nuwe paragraaf aan die end van paragraaf (k) by te voeg:—

"(l) Ander doeleindes wat deur die skoolfondskomitee as noodsaaklik geag word in belang van die leerlinge of skool en ten opsigte waarvan vooraf goedkeuring van die kringinspekteur van Bantoe-onderwys verkry is.".

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-onderwys.

Wysigingstrokie 37 (*Deel II*).]

of Bantu Education, hereby amend the regulations published under Government Notice R. 217, dated 21 February 1964, as follows:—

1. By the addition at the end of regulation 4 (1) of the following new paragraph:—

"(g) voluntary contributions for specific purposes in respect of which prior approval has been obtained from the circuit inspector of Bantu Education.".

(2) In regulation 5 (1)—

(a) by the substitution for paragraph (k) of the following paragraph:—

"(k) Purposes referred to in regulation 4 (1) (g): Provided that when the contributions concerned have been appropriated for the specific purpose, and a credit balance is left, such balance may, with the approval of the circuit inspector of Bantu Education, be appropriated for any other purpose in the interests of the pupils or school.";

(b) by the addition at the end of paragraph (k) of the following new paragraph:—

"(l) Other purposes which are regarded by the school fund committee as essential in the interests of the pupils or the school and in respect of which prior approval has been obtained from the circuit inspector of Bantu Education.".

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Education.

Amendment Slip 37 (*Part* II).]

DEPARTEMENT VAN BEPLANNING

No. R. 243 28 Februarie 1969

VRYSTELLING INGEVOLGE ARTIKEL 7 VAN DIE WET OP FISIESE BEPLANNING EN BENUTTING VAN HULPBRONNE, 1967

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 7 van die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967 (Wet 88 van 1967), stel ek hierby alle grond geleë binne Beheerde Gebied 11, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie 175 van 4 Augustus 1967, vry van die bepalings van artikel 6 (1) (c) van genoemde Wet, vir sover daardie bepalings die Randwaterraad verbied om sodanige grond of enige gedeelte daarvan vir doeleindes van aanlê van pyplyne te gebruik.

Geteken te Kaapstad, op hede die Tiende dag van Februarie 1969.

G. F. v. L. FRONEMAN,
Adjunk-minister van Beplanning.

DEPARTMENT OF PLANNING

No. R. 243 28 February 1969

EXEMPTION IN TERMS OF SECTION 7 OF THE PHYSICAL PLANNING AND UTILIZATION OF RESOURCES ACT, 1967

By virtue of the powers vested in me by section 7 of the Physical Planning and Resources Act, 1967 (Act 88 of 1967), I hereby exempt all land situated within Controlled Area 11, as defined in the Schedule to Proclamation 175, dated 4 August 1967, from the provisions of section 6 (1) (c) of the said Act in so far as those provisions prohibit the Rand Water Board to use such land or any portion thereof for the purpose of laying water pipe lines.

Signed at Cape Town on this Tenth day of February, 1969.

G. F. v. L. FRONEMAN,
Deputy Minister of Planning.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 230 28 Februarie 1969

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

REËLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN SIELKUNDIGES

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die volgende wysigings van die reëls betreffende die registrasie van sielkundiges deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94, gelees met artikel 32, van genoemde Wet opgestel en afgekondig in Goewer-

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 230 28 February 1969

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

RULES FOR THE REGISTRATION OF PSYCHOLOGISTS

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred on him by section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, has approved the following amendments to the rules for the registration of psychologists made by the South African Medical and Dental Council under section 94, read with

mentskennisgewing R. 1726 van 30 Oktober 1964, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 908 van 18 Junie 1965:—

Deur in paragraaf (c) van reël 1 na die woord "prosedures" die woorde "onder direkte toesig van 'n geregistreerde sielkundige" in te voeg.

No. R. 231 28 Februarie 1969

REËLS BETREFFENDE DIE WERKWYSE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE EN ANDER SAKE

Die Minister van Gesondeheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls betreffende die werkwyse van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie en ander sake, wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens artikel 94 (2) van genoemde Wet opgestel is en afgekondig is by Goewermentskennisgewing R. 673 van 10 Mei 1963, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 812 van 27 Mei 1966 en R. 107 van 27 Januarie 1967, soos volg:—

Deur die vervanging van "R10.00" in reël 22 (2) deur "R15".

No. R. 232 28 Februarie 1969

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE

REËLS TEN OPSIGTE VAN HANDELINGE WAARVAN DIE KOMMISSIE KENNIS KAN NEEM

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet opgestel is en afgekondig is by Goewermentskennisgewing R. 674 van 10 Mei 1963 soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 805 van 4 Junie 1965, R. 1773 van 12 November 1965, R. 298 van 10 Maart 1967 en R. 1627 van 20 September 1968, soos volg:—

(1) Deur die byvoeging, in klousule (a) van reël 13, na die woord "adverteer" van die volgende woorde: "behalwe deur gebruik te maak van die Kommissie se geregistreerde embleem vir 'n apteek, op die manier deur die Kommissie goedgekeur."

(2) Deur reël 19 te skrap en dit deur die volgende nuwe reël 19 te vervang:—

"Werwing of lok ten opsigte van voorskrifte—

(a) mondeling, òf persoonlik òf deur middel van 'n agent;

(b) deur middel van omsendbriewe, briewe of advertensies;

(c) deur die uitgee of uitstuur van geskenke wat 'n ander waarde as 'n minimale intrinsieke waarde het."

No. R. 233 28 Februarie 1969

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die volgende reëls betreffende die registrasie van geneessection 32, of the said Act and published in Government Notice R. 1726, dated 30 October 1964, as amended by Government Notice R. 908 dated 18 June 1968:—

By the insertion in paragraph (c) of rule 1 after the word "procedures" of the words "under direct supervision of a registered psychologist".

No. R. 231 28 February 1969

RULES RELATING TO THE CONDUCT OF BUSINESS OF THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD AND OTHER MATTERS

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), approved the amendment of the rules relating to the conduct of business of the South African Pharmacy Board and other matters, made by the South African Pharmacy Board under section 94 (2) of the said Act and published under Government Notice R. 673 dated 10 May 1963, as amended by Government Notices R. 812 dated 27 May 1966 and R. 107 dated 27 January 1967, as follows:—

By the substitution for "R10.00" in Rule 22 (2) of "R15".

No. R. 232 28 February 1969

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

RULES REGARDING CONDUCT OF WHICH THE BOARD MAY TAKE COGNISANCE

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), approved the amendment of the rules made by the South African Pharmacy Board under subsection (2) of the said section of the Act and published under Government Notice R. 674 dated 10 May 1963, as amended by Government Notices R. 805 dated 4 June 1965, R. 1773 dated 12 November 1965, R. 298 dated 10 March 1967, and R. 1627 dated 20 September 1968, as follows:—

(1) By the addition, in clause (a) of rule 13, after the word "services" of the following words: "except by the use of the Board's registered emblem for a pharmacy, in the manner approved by the Board."

(2) By the deletion of Rule 19 and the substitution therefor of the following new Rule 19:—

"Canvassing or touting for prescriptions—

(a) verbally, either personally or through an agent;

(b) by means of circulars, letters or advertisements;

(c) by the handing out or sending of gifts having other than minimal intrinsic value."

No. R. 233 28 February 1969

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred on him by section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, has approved the following rules regarding the registra-

kundige fisici, opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 32 van genoemde Wet:—

REËLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN GENEESKUNDIGE FISICI

1. Die Raad kan 'n sertifikaat van registrasie as geneeskundige fisikus toeken aan 'n applikant wat—

(a) (i) in besit is van 'n Honneursgraad in Fisika (of 'n gelykwaardige graad), toegeken na aflegging van 'n eksamen afgeneem deur 'n universiteit wat van tyd tot tyd by besluit van die Raad goedgekeur is;

(ii) nadat hy die akademiese studie soos voorgeskryf in paragraaf (a) (i) hierbo voltooi het minstens twee jaar opleiding onder 'n geregistreerde geneeskundige fisikus of ander bevoegde persoon ontvang het in 'n inrigting wat deur die Raad goedgekeur is;

(iii) bevredigende dokumentêre bewys in die vorm van Aanhangsel A hiervan voorlê dat, nadat hy die opleiding voorgeskryf in paragraaf (a) (ii) hierbo voltooi het, hy oor voldoende bekwaamheid beskik en bevoeg is om as geneeskundige fisikus te praktiseer; of

(b) (i) in besit is van 'n Magistergraad in Fisika (of 'n gelykwaardige graad), toegeken na aflegging van 'n eksamen afgeneem deur 'n universiteit wat van tyd tot tyd by besluit van die Raad goedgekeur is;

(ii) nadat hy die akademiese studie soos voorgeskryf in paragraaf (b) (i) hierbo voltooi het minstens een jaar opleiding onder 'n geregistreerde geneeskundige fisikus of ander bevoegde persoon ontvang het in 'n inrigting wat deur die Raad goedgekeur is;

(iii) bevredigende dokumentêre bewys in die vorm van Aanhangsel A hiervan voorlê dat, nadat hy die opleiding voorgeskryf in paragraaf (b) (ii) hierbo voltooi het, hy oor voldoende bekwaamheid beskik en bevoeg is om as geneeskundige fisikus te praktiseer.

2. Waar 'n applikant opleiding soos in paragrawe 1 (a) (ii) of 1 (b) (ii) hierbo omskryf in alle aspekte van terapeutiese en diagnostiese straling- geneeskundige fisika ontvang het, kan die Raad 'n spesiale endossement op die applikant se registrasiesertifikaat aanbring dat hy bevoeg is om as stralinggeneeskundige fisikus te praktiseer.

3. Waar, in die geval van 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat, die universiteit op wie se graad die aansoek gebaseer is of die inrigting waar die opleiding voorgeskryf in reël 1 verkry is, nie reeds deur die Raad goedgekeur is nie, moet die applikant gesaghebbende inligting aan die Raad laat verstrek aangaande die standaard van opleiding aldaar, waarna, indien sodanige standaard van opleiding deur die Raad bevredigend geag word, sodanige universiteit of inrigting goedgekeur mag word.

4. 'n Applikant vir registrasie ooreenkomstig hierdie reëls moet die kwalifikasies op grond waarvan hy aanspraak om registrasie maak, indien, tesame met—

(a) 'n verklaring van identiteit wat voor 'n vrederegter of kommissaris van ede beëdig is;

(b) 'n sertifikaat van goeie karakter, geteken deur 'n geregistreerde persoon, 'n predikant, landdros of ander verantwoordelike persoon;

(c) 'n sertifikaat deur 'n geregistreerde geneesheer dat die gesondheid van die applikant nie sodanig is dat dit in die belang van pasiënte onraadsaam is dat die applikant geneeskundig-fisiese prosedures toepas nie;

tion of medical physicists, made by the South African Medical and Dental Council under section 32 of the said Act:—

RULES FOR THE REGISTRATION OF MEDICAL PHYSICISTS

1. The Council may grant a registration certificate as a medical physicist to any applicant who—

(a) (i) holds an Honours Degree in Physics (or equivalent thereof) granted after examination by a university approved by resolution of the Council from time to time;

(ii) subsequent to having completed the academic study prescribed in paragraph (a) (i) *supra*, has had at least two years' training under a registered medical physicist or other competent person at an institution approved by the Council;

(iii) submits satisfactory documentary evidence in the form of Annexure A hereto that, having completed the training prescribed in paragraph (a) (ii) *supra*, he is sufficiently skilled and competent to practise as a medical physicist; or

"(f) he was appointed on probation as commander and his appointment is not confirmed at the end of his probationary period;

(g) the period for which he was appointed as commander of a commando group or a commando or any period for which such appointment was extended has expired;".

Amendment Slip 14.]

No. R. 269 28 Februarie 1969

Die Minister van Verdediging het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 76 (2) (f) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), die volgende reëls gemaak wat die wyse en voorwaardes bepaal waarop persone wat nie lede van die Suid-Afrikaanse Weermag is nie, toegelaat word om vrywilliglik aan opleidingsoefeninge met die kommando's deel te neem en waarin hy, na oorlegpleging met die Minister van Finansies, verklaar in watter mate artikels 39, 40, 41 en 125 van bedoelde Wet op sodanige persone van toepassing is.

Inleiding

1. Hierdie reëls staan bekend as die Reëls vir die toelating van persone wat nie lede van die Suid-Afrikaanse Weermag is nie, om vrywilliglik aan opleidingsoefeninge met 'n kommando deel te neem.

Woordbepalings

2. In hierdie reëls, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "bevelvoerder" die bevelvoerder van die kommando waarby geaffilieerde lede ingevolge reël 3 (2) toegelaat is; (ii)

(ii) "die Wet" die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957); (iii)

(iii) "geaffilieerde lid" die persoon wat ooreenkomstig artikel 76 (2) (f) van die Wet en hierdie reëls toegelaat is om vrywilliglik aan opleidingsoefeninge met 'n kommando deel te neem en "geaffilieerde lidmaatskap" het 'n ooreenstemmende betekenis. (i)

Lidmaatskap

3. (1) Hoof van die Leër bepaal die maksimum getal persone wat geaffilieerde lidmaatskap by iedere kommando kan verwerf.

(2) Geaffilieerde lidmaatskap van 'n kommando kan met goedkeuring van Hoof van die Leër toegestaan word aan—

(a) 'n persoon op wie die Wet nie van toepassing is nie kragtens artikel 2 (1) (a) daarvan, of 'n persoon wat nie vir diens opgeroep kan word nie ingevolge artikel 97 (1) (b), (c), (d) of (i) van die Wet;

(b) 'n lid van 'n kommando by verstryking van sy diensverbintenis met die kommando's indien hy dan ouer as 50 jaar is;

(c) 'n persoon wat kragtens artikel 46, 47 of 48 van die Wet op die Reserwe dien.

Aansoek om Geaffilieerde Lidmaatskap

4. (1) 'n Persoon in reël 3 (2) bedoel, doen aansoek om geaffilieerde lidmaatskap op die voorgeskrewe vorm (Bylae A), by die bevelvoerder van die kommando in wie se werwingsgebied hy woonagtig is.

(2) Sodanige bevelvoerder stuur die aansoek tesame met sy aanbeveling aan die betrokke kommandementsbevelvoerder wat die aansoek met sy aanbeveling na Hoof van die Leër verwys.

(3) Hoof van die Leër kan sodanige aansoek om lidmaatskap goedkeur of afkeur en verwittig die betrokke kommandementsbevelvoerder van sy beslissing.

Registrasie

5. (1) Die bevelvoerder van elke kommando teken in 'n register aan die naam en adres van elke persoon wat kragtens reël 4 (3) as geaffilieerde lid by sy kommando toegelaat is.

No. R. 269 28 February 1969

The Minister of Defence has, in terms of the powers vested in him by section 76 (2) (f) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), made the following rules which determine the manner in and conditions on which persons who are not members of the South African Defence Force, are permitted to participate voluntarily in training exercises with the commandos and wherein he, after consultation with the Minister of Finance, states to what extent sections 39, 40, 41 and 125 of the said Act are applicable to such persons.

Introduction

1. These rules shall be known as the Rules permitting persons who are not members of the South African Defence Force, to participate voluntarily in training exercises with a commando.

Definitions

2. In these rules, unless the context otherwise indicates—

(i) "affiliate member" means that person who has in terms of section 76 (2) (f) of the Act and these rules, been permitted to participate voluntarily in training exercises with a commando and "affiliate membership" shall have a corresponding meaning; (iii)

(ii) "officer commanding" means the officer commanding the commando to which affiliate members have been admitted in terms of rule 3 (2); (i)

(iii) "the Act" means the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957). (ii)

Membership

3. (1) Chief of the Army shall determine the maximum number of persons who may obtain affiliate membership with every commando.

(2) Affiliate membership of a commando may be granted with the approval of Chief of the Army to—

(a) a person to whom the Act is not applicable in terms of section 2 (1) (a) thereof, or to a person who is not liable to be called out for service in terms of section 97 (1) (b), (c), (d) or (i) of the Act;

(b) a member of a commando on the termination of his service engagement with the commandos if he is then older than 50 years;

(c) a person who is serving on the Reserve in terms of section 46, 47 or 48 of the Act.

Application for Affiliate Membership

4. (1) A person referred to in rule 3 (2) shall apply for affiliate membership on the prescribed form (Schedule A) to the officer commanding the commando in whose recruiting area he resides.

(2) Such officer commanding shall forward the application together with his recommendation to the officer commanding the command concerned who shall refer the application with his recommendation to Chief of the Army.

(3) Chief of the Army may approve or reject such application and shall notify the officer commanding the command concerned of his decision.

Registration

5. (1) The officer commanding every commando shall enter in a register the name and address of every person who has been admitted as an affiliate member with his commando in terms of rule 4 (3).

(2) Hoof van die Leër hou rekord van elke persoon aan wie sodanige lidmaatskap toegestaan is en van die kommando waarby hy as geaffilieerde lid toegelaat is.

Regte van Geaffilieerde Lede

6. (1) Behoudens reëls 7 (2) (d) en 23 kan 'n geaffilieerde lid toegelaat word om aan opleidingsoefeninge met die kommando waarby hy toegelaat is deel te neem in die mate bepaal deur Hoof van die Leër of 'n offisier deur hom daartoe aangewys met inagneming van die jaarlikse diensprogram wat ooreenkomstig regulasie 3 van Hoofstuk VII van die Kommandoregulasies vir daardie kommando goedgekeur is.

(2) Die sekretaris van die komitee in reël 20 bedoel, moet elke geaffilieerde lid minstens 14 dae vooraf skriftelik verwittig van die datum, tyd en plek van enige oefening waarin hy mag deelneem of vergadering wat hy mag bywoon.

Pligte van Geaffilieerde Lede

7. (1) Die bevelvoerder van 'n kommando oefen gesag uit oor 'n geaffilieerde lid en sodanige lid is verplig om alle wettige bevele en opdragte deur hom uitgereik te gehoorsaam en uit te voer.

(2) 'n Geaffilieerde lid word geadministreer deur die komitee wat ingevolge reël 20 aangestel is, en is verplig—

(a) om enige goedgekeurde besluit van bedoelde komitee na te kom;

(b) om Staatseiendom wat aan hom geleen is, behoorlik te versorg, om dit slegs te gebruik vir die doel waarvoor dit geleen is en dit aan die bevelvoerder terug te besorg indien hy daartoe gelas word;

(c) om 'n bedrag wat van tyd tot tyd deur Hoof van die Leër of 'n offisier deur hom daartoe aangewys, bepaal word, aan die fonds in reël 22 bedoel, te betaal;

(d) om in elke kalenderjaar aan minstens drie skietoefeninge wat nie langer as een dag elk duur nie deel te neem op die datums en by die plekke wat ooreenkomstig die diensprogram in reël 6 bedoel, daarvoor bepaal is.

Diensweg

8. Geen geaffilieerde lid rig enige vertoë, hetsy mondelings of skriftelik met betrekking tot enige aangeleentheid in verband met 'n kommando of die kommandostelsel of die stelsel van geaffilieerde lidmaatskap by kommando's of sy eie lidmaatskap aan enige persoon of gesag nie, uitgesonderd aan die komitee in reël 20 bedoel, en die komitee verwys sodanige vertoë na die bevelvoerder van die betrokke kommando wat dit na hoër gesag verwys indien dit nodig is.

Toepassing van Artikels 39, 40, 41 *en* 125 *van die Wet*

9. Die bepalings van artikels 39, 40, 41 en 125 van die Wet word hierby verklaar van toepassing te wees op geaffilieerde lede in die mate en met die wysigings in reëls 10, 11, 12 en 13 vermeld.

Uitreiking van Ammunisie en Toebehore

10. 'n Geaffilieerde lid is geregtig om jaarliks 'n vrye uitgifte van ammunisie volgens 'n skaal wat deur Hoof van die Leër of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, bepaal word, vir die skyfskietoefeninge in reël 6 bedoel, te ontvang en kan toegelaat word om militêre kledingstukke tydelik te gebruik terwyl hy aan sodanige oefeninge deelneem.

(2) Chief of the Army shall keep record of every person to whom such membership has been granted and of the commando to which he has been admitted as an affiliate member.

Rights of Affiliate Members

6. (1) Subject to rules 7 (2) (d) and 23, an affiliate member may be permitted to participate in training exercises with the commando to which he has been admitted to the extent determined by Chief of the Army or an officer designated by him, with due observance of the annual service programme that has been approved for that commando in terms of regulation 3 of Chapter VII of the Commando Regulations.

(2) The Secretary of the committee referred to in rule 20, shall notify every affiliate member, in writing, at least 14 days in advance of the date, time and place of any exercise in which he may participate or meeting which he may attend.

Duties of Affiliate Members

7. (1) The officer commanding a commando shall exercise authority over an affiliate member and such member is liable to obey and execute all such lawful orders and instructions.

(2) An affiliate member is administered by the committee appointed in terms of rule 20, and is liable—

(a) to comply with any approved decision of the said committee;

(b) to properly care for Government property lent to him, to use it only for the purpose for which it was loaned and to return it to the officer commanding if ordered to do so;

(c) to pay to the fund, referred to in rule 22, an amount determined from time to time by Chief of the Army or an officer designated thereto by him;

(d) to participate in every calendar year in at least three target practices of no longer duration than one day each, on the dates and at the places determined therefor by the service programme referred to in rule 6.

Service Channels

8. No affiliate member shall make any representations, whether verbally or in writing, in respect of any matter relating to a commando or the system of commandos or the system of affiliate membership with the commandos or his own membership to any person or authority other than the committee referred to in rule 20, and the committee shall refer such representations to the officer commanding the commando concerned who shall refer it to higher authority if necessary.

Application of Sections 39, 40, 41 *and* 125 *of the Act*

9. The provisions of sections 39, 40, 41 and 125 of the Act are hereby declared to be applicable to affiliate members to the extent and with the modifications specified in rules 10, 11, 12 and 13.

Issue of Ammunition and Accoutrements

10. An affiliate member is entitled to receive an annual free issue of ammunition for the target practices referred to in rule 6 in accordance with a scale determined by Chief of the Army or an officer authorised thereto by him and may be permitted to use articles of military clothing temporarily while participating in such practices.

Verkoping van Gewere en Ammunisie aan Geaffilieerde Lede

11. (1) 'n Geaffilieerde lid kan toegelaat word om 'n militêre geweer uit Staatsvoorrade aan te koop teen 'n prys wat van tyd tot tyd bepaal word en op die voorwaardes in hierdie reëls voorgeskryf: Met dien verstande dat 'n geaffilieerde lid wat te eniger tyd 'n militêre geweer uit Staatsvoorrade aangekoop het nie geregtig is om 'n ander militêre geweer ingevolge hierdie reël aan te koop nie tensy die bevelverder gesertifiseer het dat daardie geweer onbruikbaar of verouderd is, en toestemming gegee het dat daaroor beskik moet word ooreenkomstig opdragte van die Hoof van die Leër.

(2) Iemand wat ingevolge hierdie reël 'n geweer aangekoop het, moet—

(a) daardie geweer te alle tye in sy persoonlike besit hou en, indien dit verlore raak, die verlies onverwyld by sy bevelvoerder en die SA Polisie aanmeld;

(b) dit op eie koste in goeie orde en toestand hou en mag geen struktuurveranderings daaraan sonder magtiging van die Hoof van die Leër aanbring nie;

(c) daardie geweer saam met hom bring wanneer hy 'n oefening by reël 6 bepaal, moet bywoon;

(d) daardie geweer slegs vir skyfskietoefeninge by kommando's of vir skietkompetisies gebruik.

(3) Enigiemand wat toegelaat is om ingevolge hierdie reëls 'n militêre geweer aan te koop moet, behoudens die ander bepalings van hierdie reëls, vir 'n tydperk van minstens vyf jaar aanhou om as geaffilieerde lid te dien en mag nie gedurende daardie tydperk of terwyl hy 'n geaffilieerde lid is die geweer sonder toestemming van die bevelvoerder verkoop of andersins van die hand sit nie.

(4) Indien so iemand enige bepalings van hierdie reël oortree of versuim om daaraan te voldoen of versuim om die voorwaardes van aankoop na te kom of om in enige jaar gedurende voormelde tydperk van vyf jaar, op die voorgeskrewe minimum getal geleenthede soos ingevolge reël 7 (2) (d) bepaal, skyfskietoefeninge by te woon, word die geweer aan die Staat verbeur en kan dit sonder betaling van vergoeding of terugbetaling van die koopprys deur die bevelvoerder in besit geneem word.

(5) Niemand mag van 'n geaffilieerde lid 'n geweer wat ooreenkomstig hierdie reël deur sodanige lid aangekoop is, koop of andersins verkry nie, tensy 'n sertifikaat van die bevelvoerder aan hom oorhandig word met die strekking dat die voorwaardes van aankoop ooreenkomstig hierdie reël nagekom is of dat die bevelvoerder daarvan afstand gedoen het, dat enige doeaneregte wat ten opsigte daarvan betaalbaar mag wees, aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns betaal is, en enige aankoop of ander verkryging sonder oorhandiging van so 'n sertifikaat is nietig.

(6) Geen uitreiker van lisensies ooreenkomstig die Wapens- en Ammunisiewet, 1937 (Wet 28 van 1937), reik 'n lisensie ingevolge daardie Wet uit ten opsigte van 'n geweer wat ooreenkomstig hierdie reël aangekoop is nie, tensy die sertifikaat in subreël (5) bedoel, aan hom getoon is.

(7) 'n Geaffilieerde lid moet skriftelik deur tussenkoms van die komitee in reël 20 bedoel, aansoek doen om 'n militêre geweer uit Staatsvoorrade aan te koop en moet skriftelik erken dat hy op hoogte is van die voorwaardes vir die aankoop van 'n militêre geweer soos in hierdie reëls bepaal.

(8) 'n Geaffilieerde lid kan toegelaat word om geweeronderdele en -bykomstighede en 'n hoeveelheid ammunisie vir skyfskietoefeninge of wedstryde, uit Staatsvoorrade

Sale of Rifles and Ammunition to Affiliate Members

11. (1) An affiliate member may be allowed to purchase a military rifle from Government stores at a price determined from time to time and on the conditions prescribed in these rules: Provided that an affiliate member who has at any time purchased a military rifle from Government stores, shall not be entitled to purchase another military rifle in terms of this rule unless the officer commanding has certified that such rifle has become unserviceable or obsolete and has granted permission for its disposal in accordance with the instructions of Chief of the Army.

(2) Any person who has purchased a rifle in terms of this rule shall—

(a) at all times keep that rifle in his personal possession and if it is lost, report such loss without delay to his officer commanding and the SA Police;

(b) at own cost maintain it in good order and condition and shall make no structural alterations to it without the authority of Chief of the Army;

(c) bring that rifle with him when he has to attend an exercise referred to in rule 6;

(d) use that rifle only for target practices with the commandos or for shooting competitions.

(3) Any person who has been allowed to purchase a military rifle in terms of these rules shall, subject to the other provisions of these rules, continue to serve as an affiliate member for a period of at least five years and shall not during that period or while he is an affiliate member sell or otherwise dispose of the rifle without the permission of the officer commanding.

(4) If any such person contravenes or fails to comply with any provision of these rules, or fails to comply with the conditions of purchase or to attend target shooting practices in any year during the above-mentioned period of five years on the prescribed number of occasions as determined in terms of rule 7 (2) (d), the rifle shall be forfeited to the State and may be taken possession of by the officer commanding without the payment of any compensation or refund of the purchase price.

(5) No person shall purchase or otherwise acquire from an affiliate member any rifle that has been purchased in terms of these rules by such member, unless there is delivered to him a certificate by the officer commanding stating that the conditions of purchase in terms of these rules have been complied with or waived by the officer commanding, that any customs dues payable in respect thereof have been paid to the Commissioner of Customs and Excise, and any such purchase or other acquisition without the delivery of such certificate shall be null and void.

(6) No issuer of licences under the Arms and Ammunition Act, 1937 (Act 28 of 1937), shall issue a licence under that Act in respect of any rifle which has been purchased in terms of this rule unless the certificate mentioned in subrule (5) has been produced to him.

(7) An affiliate member shall apply, in writing, through the committee referred to in rule 20, to purchase a military rifle from Government stores and shall acknowledge, in writing, that he is acquainted with the conditions of purchase of a military rifle as determined by these rules.

(8) An affiliate member may be permitted to purchase rifle components and accessories and a quantity of ammunition for target practices or competitions from

aan te koop teen die pryse wat van tyd tot tyd bepaal mag word en op voorwaarde dat—

(a) sodanige ammunisie slegs vir bedoelde skietoefeninge en wedstryde gebruik word en dat dit nie verkoop, verruil, verpand of andersins van die hand gesit mag word nie;

(b) hy dit veilig bewaar;

(c) hy enige verlies van sodanige ammunisie onverwyld by die bevelvoerder en die SA Polisie aanmeld.

Inspeksie van Gewere

12. 'n Geaffilieerde lid moet sy geweer en enige uitrusting, toebehore en militêre klere wat aan hom uitgereik mag wees, aan die bevelvoerder vir inspeksie toon wanneer hy daartoe opgeroep word.

Onregmatige Beskikking oor Eiendom

13. Die bepalings van artikel 125 van die Wet is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n geaffilieerde lid.

Bedanking

14. Behoudens reël 18 kan 'n geaffilieerde lid te enigertyd sy skriftelike bedanking indien en die betrokke bevelvoerder moet Hoof van die Leër van sodanige bedanking verwittig.

Beëindiging van Lidmaatskap

15. (1) Hoof van die Leër kan, behoudens reël 18, die lidmaatskap van 'n geaffilieerde lid wat versuim het om enige plig of wettige opdrag uit te voer of 'n wettige bevel te gehoorsaam wat ooreenkomstig hierdie reëls aan hom opgedra of gegee is of om enige ander rede wat hy voldoende ag, beëindig.

(2) Hoof van die Leër moet die betrokke lid skriftelik van die beëindiging van sy lidmaatskap ooreenkomstig subreël (1) verwittig.

Skorsing

16. (1) Indien 'n geaffilieerde lid tydens 'n oefening van die kommando enige wettige bevel of opdrag verontagsaam of die lewens van ander persone in gevaar stel, kan die bevelvoerder van die betrokke kommando sodanige lid summier skors en bedoelde bevelvoerder moet onverwyld 'n verslag bevattende die redes vir sodanige skorsing aan die betrokke kommandementsbevelvoerder voorlê wat die skorsingsbevel ter syde mag stel of dit bekragtig vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk.

(2) Die betrokke kommandementsbevelvoerder moet Hoof van die Leër van sy optrede kragtens subreël (1) verwittig.

Vertrek uit Werwingsgebied

17. (1) Indien 'n geaffilieerde lid uit die werwingsgebied van sy kommando weg trek kan hy—

(a) ooreenkomstig reël 14 bedank;

(b) indien hy dit verkies, met goedkeuring van Hoof van die Leër as 'n geaffilieerde lid toegelaat word by die kommando in wie se werwingsgebied hy hom gevestig het as daar 'n vakature bestaan.

(2) Die bepalings van reël 18 (b) is nie van toepassing nie op 'n geaffilieerde lid wat—

(a) kragtens subreël (1) (b) as 'n geaffilieerde lid van 'n ander kommando toegelaat word;

(b) verkies om as 'n geaffilieerde lid van 'n ander kommando toegelaat te word maar weens gebrek aan 'n vakature by bedoelde kommando nie aldus toegelaat kan word nie.

Government stores at prices that shall be determined from time to time and on condition that—

(a) such ammunition is used for the aforementioned target practices or competitions only and that it may not be sold, exchanged, bartered or disposed of in any other way;

(b) he safeguards it;

(c) he reports any loss of such ammunition to the officer commanding and the SA Police without delay.

Inspection of Rifles

12. An affiliate member shall produce his rifle and any equipment, accoutrements and military clothing that may have been issued to him to the officer commanding for inspection when called upon to do so.

Unlawful Disposal of Property

13. The provisions of section 125 of the Act shall apply *mutatis mutandis* to an affiliate member.

Resignation

14. Subject to rule 18, an affiliate member may at any time tender his written resignation and the officer commanding concerned shall notify Chief of the Army of such resignation.

Termination of Membership

15. (1) Chief of the Army may, subject to rule 18, terminate the membership of an affiliate member who has failed to carry out any duty or lawful instruction or obey a lawful command imposed or given in accordance with these rules or for any other reasons he deems sufficient.

(2) Chief of the Army shall notify the member concerned, in writing, of the termination of his membership in terms of subrule (1).

Suspensions

16. (1) If an affiliate member disregards any lawful command or order or endangers the lives of others during an exercise of the commando, the officer commanding the relevant commando may summarily suspend such member and such officer commanding shall forthwith submit a report containing the reasons for such suspension to the officer commanding the command concerned who may set aside the suspension order or confirm it for a determinate or indeterminate period.

(2) The officer commanding the command concerned shall advise Chief of the Army of the action taken by him in terms of subrule (1).

Departure from Recruiting Area

17. (1) If an affiliate member departs from the recruiting area of his commando he may—

(a) resign in accordance with rule 14;

(b) if he so elects be admitted with the approval of Chief of the Army as an affiliate member of the commando in whose recruiting area he has settled if a vacancy exists.

(2) The provisions of rule 18 (b) shall not apply to an affiliate member who—

(a) is admitted as an affiliate member of another commando in terms of subrule (1) (b);

(b) elects to be admitted as an affiliate member of another commando but cannot thus be admitted because of the lack of a vacancy with such commando.

Terugbesorging van Staatseiendom

18. 'n Geaffilieerde lid wat ingevolge reël 14 bedank of wie se lidmaatskap ingevolge reël 15 beëindig word, is verplig om—

(a) alle staatseiendom in sy besit in goeie orde aan die bevelvoerder terug te besorg;

(b) sy geweer aan die bevelvoerder terug te besorg tensy hy aan die voorwaardes van aankoop ten opsigte daarvan voldoen het soos in reël 11 bepaal.

Algemene Vergaderings

19. (1) 'n Algemene vergadering van geaffilieerde lede word gehou in opdrag van die bevelvoerder of die voorsitter in reël 20 (2) (a) bedoel of op versoek van tweederdes van die geaffilieerde lede by die betrokke kommando en twee-derdes van die geaffilieerde lede maak 'n kworum uit.

(2) 'n Algemene vergadering neem by meerderheidstem enige besluit met betrekking tot—

(a) die verkiesing van 'n komitee;

(b) die besteding van die gelde van die geaffilieerde-lede-fonds uitgesonderd die bydraes in reël 7 (2) (c) bedoel;

(c) die werksaamhede van die geaffilieerde lede,

maar geen sodanige besluit word van krag nie tensy dit deur die betrokke bevelvoerder goedgekeur is.

Samestelling en Pligte van 'n Komitee

20. (1) Geaffilieerde lede van iedere kommando kies uit hulle geledere onder toesig en beheer van die bevelvoerder, 'n komitee wat aan hom verantwoordelik is vir die organisasie en administrasie van die geaffilieerde lede.

(2) Sodanige komitee dien vir 'n tydperk van vyf jaar en bestaan uit—

(a) 'n voorsitter deur die betrokke bevelvoerder uit die geledere van die geaffilieerde lede aangestel;

(b) 'n sekretaris deur die verkose komiteelede uit hulle geledere aangestel;

(c) drie komiteelede.

(3) Waar 'n vakature in die komitee ontstaan, word 'n komiteelid op die wyse in subreël (1) bepaal, vir die restant van die termyn van vyf jaar gekies.

(4) 'n Komitee in hierdie reël bedoel, kom so dikwels byeen as wat die betrokke voorsitter bepaal en verrig sy sake by wyse van besluite wat deur 'n meerderheidstem van die aanwesige lede geneem word: Met dien verstande dat—

(a) die voorsitter en twee komiteelede 'n kworum vorm;

(b) indien die voorsitter of sekretaris afwesig is, die aanwesige lede 'n voorsitter of sekretaris na gelang van die geval, vir daardie vergadering aanstel.

(5) Die voorsitter het 'n beslissende stem ingeval van 'n staking van stemme op enige komiteevergadering.

(6) Iedere besluit wat op 'n komiteevergadering geneem is, moet genotuleer en die notule deur die betrokke voorsitter en sekretaris onderteken word maar geen sodanige besluit word sonder die betrokke bevelvoerder se goedkeuring uitgevoer nie.

(7) Die sekretaris moet die voorsitter en komiteelede minstens sewe dae vooraf van 'n komiteevergadering in kennis stel.

21. Die komitee in reël 20 bedoel is verantwoordelik—

(a) vir die uitvoering deur geaffilieerde lede van alle wettige bevele en opdragte van die bevelvoerder;

Return of Government Property

18. An affiliate member who resigns in terms of rule 14 or whose membership is terminated in terms of rule 15, is liable to—

(a) return all Government property in his possession in good order to the officer commanding;

(b) return his rifle to the officer commanding unless he has complied with the conditions of purchase in respect thereof as determined in rule 11.

General Meetings

19. (1) A general meeting of affiliate members shall be held by order of the commanding officer or the chairman referred to in rule 20 (2) (a) or at the request of two-thirds of the affiliate members of the commando concerned and two-thirds of the affiliate members shall form a quorum.

(2) A general meeting shall by majority vote pass any resolution in connection with—

(a) the election of a committee;

(b) the application of the moneys of the affiliate members' fund except the contributions referred to in rule 7 (2) (c);

(c) the activities of the affiliate members, but no such resolution shall become of force unless it has been approved by the officer commanding concerned.

Composition and Duties of a Committee

20. (1) Affiliate members of every commando shall elect from their ranks under supervision and control of the officer commanding a committee that shall be responsible to him for the organisation and administration of the affiliate members.

(2) Such committee shall serve for a period of five years and shall consist of—

(a) a chairman appointed by the officer commanding concerned from the ranks of the affiliate members;

(b) a secretary appointed by the elected committee members from their ranks;

(c) three committee members.

(3) Where a vacancy occurs in the committee a committee member shall be elected in the manner determined in subrule (1) for the remainder of the period of five years.

(4) A committee referred to in this rule shall meet as frequently as the chairman concerned determines and shall conduct its business by way of resolution passed by majority vote of the members present: Provided that—

(a) the chairman and two committee members shall form a quorum;

(b) if the chairman or secretary is absent, the members present shall appoint a chairman or secretary, as the case may be, for that meeting.

(5) The chairman shall have a casting vote in the event of a tie of votes at any committee meeting.

(6) Every resolution taken at a committee meeting shall be minuted and the minutes signed by the chairman and secretary concerned, but no such resolution shall be carried into effect without the approval of the officer commanding.

(7) The secretary shall notify the chairman and committee members at least seven days in advance, of a committee meeting.

21. The committee referred to in rule 20 shall be responsible—

(a) for the execution by affiliate members of all lawful orders and instructions of the officer commanding;

(b) vir die beheer en besteding van die fonds bedoel in reël 22;

(c) behoudens reël 7 (1), vir die handhawing van goeie orde en dissipline deur geaffilieerde lede.

Stigting van 'n Geaffilieerdelede-fonds

22. (1) By elke kommando moet 'n geaffilieerdelede-fonds gestig word waarin alle gelde wat uit enige bron tot voordeel van geaffilieerde lede ontvang word, gestort moet word.

(2) Bydraes ingevolge reël 7 (2) (c) ontvang moet aan die betrokke kommandofonds oorbetaal word en word slegs vir skietbaanonderhoud en -uitrusting aangewend.

Vrywaring

23. Geaffilieerde lede is onderworpe aan die bepalings van artikel 149 *bis* van die Wet.

BYLAE "A" BY DIE REËLS VIR DIE TOELATING VAN PERSONE WAT NIE LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG IS NIE BY KOMMANDO'S

AANSOEK OM TOELATING AS 'N GEAFFILIEERDE LID BY 'N KOMMANDO

(Moet in drievoud voltooi word)

1. Volle naam en van.....
2. Huisadres.....
3. Posadres.....
4. Datum van geboorte.....
5. Beroep.....
6. By welke kommando verlang u affiliasie?.....
7. Was u voorheen lid van 'n kommando?..... Indien wel,
   (a) by watter kommando?.....
   (b) was u 'n ingesweerde of nie-ingesweerde lid?.....
8. Redes waarom u nie as ingesweerde lid van 'n kommando kan dien nie.....
9. Het u al voorheen as lid van 'n kommando 'n .303 geweer van die Staat aangekoop?.....
10. Indien wel, gee volle besonderhede van nommer en tipe van geweer en deur watter kommandement u dit aangekoop het.....
11. Is u lid van enige Reserwe?..... Indien wel, van watter een en met ingang van watter datum?.....
12. Onderstaande onderneming moet deur u voltooi word:

    Indien ek as 'n geaffilieerde lid aanvaar word—

    (a) onderneem ek—
        (i) om my te onderwerp aan die bepalings van die reëls;
        (ii) om alle wettige bevele en opdragte te gehoorsaam;
        (iii) om jaarliks aan minstens drie skietoefeninge van hoogstens een dag duurte elk, deel te neem;
        (iv) om, indien ek daartoe versoek word, behulpsaam te wees met die afrigting van geaffilieerde lede;
        (v) om jaarliks 'n bedrag by te dra tot die instandhouding van die skietbaan en skyfmateriaal van die kommando waarby ek 'n geaffilieerde lid is soos deur die reëls vereis;

    (b) verstaan en aanvaar ek dat ek onderworpe is aan die bepalings van artikel 149 *bis* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), soos gewysig.

.....
Handtekening van aansoeker.

Aanbeveling (Motivering)

.....
.....
.....Kmdt,
Kommando.

Aanbeveling

.....
.....
.....Brig,
Bevelvoerder Kommandement.

Goedgekeur / Afgekeur

.....Lt Genl,
Hoof van die Leër.

(b) for the control and application of the fund referred to in rule 22;

(c) subject to rule 7 (1), for the maintenance of good order and discipline by affiliate members.

Establishment of an Affiliate Members' Fund

22. (1) An affiliate members' fund into which shall be deposited all moneys received from any source for the benefit of affiliate members shall be established at every commando.

(2) Contributions received in terms of rule 7 (2) (c), shall be paid over to the commando fund concerned and shall only be used for shooting range maintenance and equipment.

Exemption

23. Affiliate members are subject to the provisions of section 149 *bis* of the Act.

ANNEXURE "A" TO THE RULES PERMITTING PERSONS WHO ARE NOT MEMBERS OF THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE IN THE COMMANDOS

APPLICATION FOR ADMISSION AS AN AFFILIATE MEMBER TO A COMMANDO

(To be completed in triplicate)

1. Full name and surname.....
2. Residential address.....
3. Postal address.....
4. Date of birth.....
5. Occupation.....
6. To which commando do you desire affiliation?.....
7. Were you previously a member of a commando?..... If so,
   (a) of which commando?.....
   (b) were you an attested or a non-attested member?.....
8. Reasons why you cannot serve as an attested member of a commando.....
9. Have you previously as member of a commando purchased a .303 rifle from the State?.....
10. If so, give full particulars of the number and type of rifle and through which command you purchased it.....
11. Are you a member of any Reserve?..... If so, which one and with effect from what date?.....
12. The following undertaking is to be completed by you:

    If I am accepted as an affiliate member—

    (a) I undertake—
        (i) to subject myself to the provisions of the rules;
        (ii) to be obedient to all lawful orders and instructions;
        (iii) to participate annually in a minimum of three shooting practices of a maximum of one day's duration each;
        (iv) to assist, if requested thereto, with the training of affiliate members;
        (v) to contribute annually an amount to the maintenance of the rifle range and target material of the commando of which I am an affiliate member as required by the rules;

    (b) I undertake and accept that I am subject to the provisions of section 149 *bis* of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), as amended.

.....
Signature of applicant

Recommendation (Motivation)

.....
.....
.....Cmdt,
Commando.

Recommendation

.....
.....
.....Brig,
Officer Commanding Command.

Approved / Not Approved.

.....Lt Genl,
Chief of the Army.

INHOUD

No. BLADSY

PROKLAMASIES

R. 33. Datum van inwerkingtreding van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys vir Indiërs, 1968 ... 1
R. 37. Regulasies betreffende die beheer oor sekere organisasies: Wysiging van Proklamasie R. 154 van 1968 ... 1
R. 38. Inwerkingtreding van die Wysigingswet op Oorlogsgrafte, 1968 ... 2

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

Arbeid, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R. 236. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Bak- en/of Banketnywerheid (Kaap): Verbetering ... 2
R. 237. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Suikervervaardigings- en -rafineernywerheid, Natal: Ooreenkoms vir Geskoolde Arbeid: Verbetering ... 3
R. 238. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Suikervervaardigings- en -raffineernywerheid, Natal: Ooreenkoms vir Ongeskoolde en Half-geskoolde Arbeid: Verbetering ... 3
R. 245. Wet op Bantoe-arbeid (Beslegting van Geskille), 1953: Beheerraad vir die Melkerybedryf, Witwatersrand en Pretoria 4

Bantoe-onderwys, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R. 249. Wysiging van die regulasies betreffende die instelling, beheer en administrasie van skoolfondse by Bantoegemeenskapskole ... 9
R. 250. Wysiging van die regulasies vir die instelling van en beheer oor skoolfondse by Staatsbantoeskole ... 9

Beplanning, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 243. Vrystelling ingevolge die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967 ... 10

Gesondheid, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R 230. Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die registrasie van Sielkundiges ... 10
R. 231. Reëls betreffende die werkwyse van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie en ander sake ... 11
R. 232. Die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie: Reëls ten opsigte van handelinge waarvan die Kommissie kennis kan neem ... 11
R. 233. Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die registrasie van geneeskundige fisici ... 11
R. 234. Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die voorwaardes waarop geregistreerde geneeskundige fisici hulle beroep mag uitoefen 13

Indiërsake, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 235. Wysiging van die regulasies betreffende die administrasie van en die beheer oor geld wat vir staatsskole of staatsondersteunde skole ingesamel word ... 14

Nywerheidswese, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 248. Wet op Standaarde, 1962: Wysiging van regulasies ... 15

Pos-en-telegraafwese, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 229. Nasionale Spaarsertifikate: Jubileumreeks 15

CONTENTS

No. PAGE

PROCLAMATIONS

R. 33. Date of commencement of the Indians Advanced Technical Education Act, 1968 1
R. 37. Regulations governing the control of certain organisations: Amendment to Proclamation R. 154 of 1968 ... 1
R. 38. Commencement of the War Graves Amendment Act, 1968 ... 2

GOVERNMENT NOTICES

Bantu Education, Department of

GVERNMENT NOTICES

R. 249. Amendment of the regulations regarding the establishment, control and administration of school funds at Bantu community schools ... 9
R. 250. Amendment of the regulations for the establishment and control of school funds at government Bantu schools ... 9

Defence, Department of

GOVERNMENT NOTICES

R. 266. Amendments to the Commando Regulations 17
R. 269. Admission of affiliated members to Commandos ... 21

Health, Department of

GOVERNMENT NOTICES

R. 230. The South African Medical and Dental Council Rules for the registration of psychologists ... 10
R. 231. Rules relating to the conduct of business of the South African Pharmacy Board and other matters ... 11
R. 232. The South African Pharmacy Board: Rules regarding conduct of which the Board may take cognisance ... 11
R. 233. The South African Medical and Dental Council: Rules for the registration of medical physicists ... 11
R. 234. The South African Medical and Dental Council: Rules regarding the conditions under which registered medical physicists may carry on their calling ... 13

Indian Affairs, Department of

GOVERNMENT NOTICE

R. 235. Amendment of the regulations relating to the administration and control of school funds ... 14

Industries, Department of

GOVERNMENT NOTICE

R. 248. Standards Act, 1962: Amendment of regulations ... 15

Labour, Department of

GOVERNMENT NOTICES

R. 236. Industrial Conciliation Act, 1956: Baking and/or Confectionery Industry (Cape): Correction ... 2
R. 237. Industrial Conciliation Act, 1956: Sugar Manufacturing and Refining Industry, Natal: Agreement for Skilled Labour: Correction ... 3
R. 238. Industrial Conciliation Act, 1956: Sugar Manufacturing and Refining Industry, Natal: Agreement for Unskilled and Semi-skilled Labour: Correction ... 3
R. 245. Bantu Labour (Settlement of Disputes) Act, 1953: Dairy Trade Management Board, Witwatersrand and Pretoria ... 4

Planning, Department of

GOVERNMENT NOTICE

R. 243. Exemption in terms of the Physical Planning and Utilization of Resources Act, 1967 ... 10

No.		BLADSY
Staatsdienskommissie, Departement van		
GOEWERMENTSKENNISGEWING		
R. 244.	Staatsdiensregulasies: Wysigingstrokie 59	16
Verdediging, Departement van		
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
R. 266.	Wysiging van die Kommandoregulasies ...	17
R. 269.	Toelating van geaffilieerde lede by Kommandos	21

No.		PAGE
Posts and Telegraphs, Department of		
GOVERNMENT NOTICE		
R. 229.	National Savings Sertificates: Jubilee Series	15
Public Service Commission, Department of		
GOVERNMENT NOTICE		
R. 244.	Public Service Regulations: Amendment Slip 59	16

Maak gebruik van die . . .

Posspaarbank!

Dit verskaf ongeëwenaarde sekuriteit, geheimhouding en fasiliteite vir deposito's en opvragings.

Die eerste deposito hoef nie meer as 10c te wees nie.

Die rentekoers op lopende rekenings is 4% per jaar bereken op die maandelikse balans. *Rente tot R200 per jaar is belastingvry.*

Bedrae in eenhede van R200 mag vir belegging in Spaarbanksertifikate oorgedra word. Sodanige beleggings verdien rente teen 'n koers van 5½% per jaar, en word op 1 Januarie en 1 Julie van elke jaar in die belêer se lopende rekening gestort. *Rente tot R400 per jaar is belastingvry.*

Deposito's en opvragings kan gedoen word by enigeen van meer as 1,600 poskantore in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, afgesien van waar die rekening oorspronklik geopen is.

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates